

10 Augustus

Skrifgedeelte: Matteus 13:31-35

Fokusgedeelte: Matteus 13:31, 33

Die koninkryk groei en beïnvloed

'n Klein swart saadjie groei tot 'n struik van drie tot vyf meter hoog. 'n Klein bietjie suurdeeg deursuur 'n groot skottel deeg. So is daar in die koninkryk van God altyd groei. Na buite is daar sigbare groei en na binne beïnvloedende groei. Dit sluit aan by die beeld van sout wat onsigbaar werk en lig wat sigbaar skyn. Albei aspekte van die koninkryk is belangrik.

Die koninkryk het maar netig begin met Jesus en sy 12 dissipels en, in verhouding met die destydse wêreld, 'n klein groepie volgelinge. Dit was so anders as wat die Joodse verwagting was van 'n dramatiese en amper revolusionêre groei van die staat Israel. Wees geduldig, maar wees ook verseker dat wat klein begin in die koninkryk van God, altyd sal groei. Hou net aan in geloof en in verwagting! God laat die saad ontkiem en groei. Ons is al getuies daarvan. Wat baie klein daar in Jerusalem begin het, het gegroei tot 'n boom wat die wêreld omvat. Die Christelike invloed het ons hele samelewing deursuur.

Soos suurdeeg werk die groei van binne af uit na buite. Die werking is nie altyd sigbaar nie, maar dit is daar. Dit deursuur alle terreine van die lewe en dit raak alle aspekte van die samelewing. Waar burgers van God se koninkryk sy koningskap proklameer, verander dinge en kring dit weier uit.

Gaan lewe vandag en mag daar groei en beïnvloeding in en rondom jou as burger van die koninkryk plaasvind. Moenie moedeloos word en die dag van klein dingetjies geringskat nie.

Sing: Psalm 1:1, 2

Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)